


# SPORE OP DIE MAAN – K du Plessis

*[Uit:  Kinders van die wind en ander lirieke, 1981]*

H.H. KRYNAUW
Eastern  Cape Education Department

# Spore op die maan

Waar is die aarde in terme van die groot geheel?



# Wie was Koos du Plessis?





- Koos du Plessis is as Jacobus Johannes du Plessis op 10 Mei 1945 in Rustenburg gebore. Koos word groot as die jongste van vier kinders. Hy spandeer sy vormingsjare op die Oos-Randse myndorp, Springs, en voltooi sy skoolopleiding aan die Hoër Seunskool Hugenote. Hierna studeer hy vir 'n onderwysdiploma aan die Pretoriase Normaalkollege en behaal 'n BA-graad met spesialisering in Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria. Later voltooi hy 'n BA Honneursgraad in Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand.
- Dis gedurende sy studentejare in 1964 wat hy vir Mornay du Plessis ontmoet met wie hy in Junie 1969 getroud is. Koos en Mornay het drie kinders, Irma, Karien en Karla.
- Koos was in wese koerantman en het as joernalis, subredakteur en nuusredakteur by verskeie publikasies gewerk, onder meer *Oggendblad*, *Die Vaderland*, *Die Nataller* en *Die Transvaler*. Vanaf 1973 tot en met sy dood in 1984 was hy woonagtig in Wierdapark, 'n voorstad van die destydse Verwoerdburg, tans Centurion.
- Koos het in die vroeë oggendure van 15 Januarie 1984 op die ou Krugersdorppad in Knoppieslaagte verongeluk

1. Elke nuwe plan lê hopeloos verfrommel
2. want iets sê: "Stomme drommel,
3. die ruimte lê vol rommel"
4. En ek begin verstaan:
5. Daar is geen nuwe oord om heen te gaan
6. want kyk, daar lê reeds spore op die maan

7. Want die stad blom elke nag
8. strooi sy saad en skemerdag
9. breek staalspruite teen die aardkors
10. waar jy gaan
11. Rommelberge groei omheen
12. en daar's swaelsuur in die reën
13. en kyk, daar lê reeds spore op die maan.

hopelessly crumpled

elke nuwe plan wat skriftelik voorgestel word, word opgefrommel en weggegooi want dit is reeds uitgedink

'flowering city' - duisende ligte brand in die stad

'steel shooting out' – staalkonstruksies vir nuwe geboue wat opgerig word

'lithosphere' – buitenste, vaste deel van die aarde

'sulphuric acid' – giftige gasse in die lug

'mountains of rubbish' – vullishope wat meer en meer en hoër en hoër word

14. sou ek gaan?
    - ‘escape’ - wegkom
15. Ontvlug is onbegonne;
    - ‘impossible’ - onmoontlik
16. selfs droom is onbesonne,
    - ‘foolish’ - dom
17. want die wêreld is oorwonne
    - ‘defeated’ – klaar gewen, oorheers
18. en ek begin verstaan:
19. Daar's geen nuwe paaie om te baan,
20. want kyk, daar lê reeds spore op die maan
    - ‘hectare’ - oppervlakte
21. elke hektaar is verkoop
22. elke opstal lê gesloop
    - ‘farm’ - plaashuis
23. en die wêreld wag verwese, in die waan
    - ‘bewilder’ – verslae; verstom
24. dat 'n wonder sal gebeur
25. om sy rusperleërs te keer -
    - ‘caterpillar army’ – ruspers vreet alles op wat in hul pad kom; hier word die mens met ‘n rusper vergelyk (metafoor) wat alles vernietig
26. maar kyk, daar lê reeds spore op die maan

27. Vlug na berg of woud…

28. Meen jy dat daar geeneen is;

29. dat jy eindelik alleen is?

30. Ag, verspieders loer op Venus

31. en ek begin verstaan:

32. Daar is geen nuwe oord om heen te gaan

33. want kyk, daar lê reeds spore op die maan

34. Elke woord is retoriek

35. elke droom is bloot plastiek

36. en atoom's die idioom van wie verstaan

37. Iewers moet 'n rusplek wees

38. vir die afgematte gees-

39. maar kyk, daar lê reeds spore op die maan;

40. duisend donker spore op die maan.

41. Kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Venus: planeet naaste aan die aarde

‘spies’ – verken die omgewing

‘resort’ – rusplek, vakansieplek, blyplek

‘rhetoric’ – elke woord word oor en oor beredeneer sonder dat daar werklik iets aan gedoen word

‘atom is’ – atoom is; kernfisika

‘tired spirit’ – geestelike moegheid; uitgeput

# Bespreking en vrae

1. Waarna verwys die titel?
2. Wat sou jy sê is die spreker se standpunt oor die 'spore op die maan'?
3. Wat beteken: 'Daar is geen nuwe oorde om heen te gaan' (r. 5)?
4. Wat bedoel die spreker as hy sê die stad 'blom elke nag' (str. 2)? Verduidelik die IRONIE in hierdie METAFOOR.
5. Kies die korrekte opsie: Die spreker spreek hom uit teen stedelike besoedeling in str. 2 met die beeld 'rommelberge' (wat na …… verwys) en 'swaelsuur in die reën' (wat na …… verwys).

*vullishope, mynhope, Tafelberg, wolkekrabbers, vuil reën, besmette damme, suurreën, misreën*

# Antwoorde: 1-5

1. Die spore wat deur Niel Armstrong en vele ander op die maan gemaak is sedert die eerste maanlanding in Julie 1969.
2. Die spreker voel dat die mens die maan, net soos die aarde, daarmee besoedel.
3. Deurdat die mens nou selfs die maan met sy spore bevuil / besoedel het, is daar nêrens (geen nuwe onbesoedelde plekke) om heen te gaan / te ontvlug nie.
4. Hy verwys na die stadliggies in die nag. 'blom' word as 'n reël as 'n positiewe beeld gesien, want dit is natuurlik en mooi, maar wanneer die stad 'blom' is dit onnatuurlike neonlig wat die lug besoedel sodat ons nie die sterre en maan (die natuurlike lig in die nag) kan sien nie.
5. Vullishope en suurreëns.

6. Watter antwoord gee die spreker op sy vraag in die eerste reël van strofe 3?
7. Voltooi die vlg. sin met 'n enkele woord: Wanneer die spreker na 'elke hektaar is verkoop, elke opstal lê gesloop' in str. 4 verwys, maak hy dit duidelik dat die verwoestende effek van die mens se invloed nie net tot die stad beperk is nie, maar ook die ….
8. Verduidelik die vlg. reël in die konteks van die gedig: 'Ag, verspieders loer op Venus …' (str. 5). Watter gevoelswaarde gee die 'Ag' aan die reël?
9. Bespreek kortliks die effektiwiteit van die alliterasie in 'duisend donker spore op die maan' (r. 40).
10. Kies die regte opsie: Die prominente posisie van die aanvangswoord 'Kyk' in die laaste reël, beklemtoon die spreker se erns oor die (vraag / stelling / opdrag / versoek) dat die leser moet besef dat hy die buitenste ruim, net soos die aarde, bevuil en besoedel.

# Antwoorde: 6-10

6. Uit die strofe blyk dit dat daar vir die spreker geen plek / nêrens is om te gaan nie (te 'ontvlug' nie) selfs nie ens in sy drome nie ('selfs droom is onbesonne'), want die wêreld is reeds oorgeneem ('oorwonne') en daar is geen nuwe plekke om te ontdek nie ('geen nuwe paaie om te baan'.)
7. Platteland – dit verwys na plase en die huise daarop (die opstalle).
8. Nou dat die mens op die maan geland het en dit ook besoedel het, is hulle besig om daaraan te dink om na ander planete naby te reis, soos Venus. (Het Venus as liefdesgodin enige betekenisvolle waarde , of het die digter Venus net gebruik omdat dit met 'is' rym?!) Die 'ag' is 'n amper hopelose uitroep – die spreker is met wanhoop vervul want hy is waarskynlik bang dat die mens ook die ander planete in die sonnestelsel sal besoedel.
9. Die herhalende eksplosiewe 'd' beklemtoon die spreker se ongelukkigheid oor die mens se besoedelingsvermoëns. Die spore op die maan is nie net boos ('donker') nie, maar ook te veel ('duisend').
10. opdrag


Verstaan jy dit nou?